# 'n Teologies-etiese perspektief op bevolkingsontploffing en gesinsbeplanning

P.J. de Bruyn
Departement Dogmatologie en Ekklesiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**An theological ethical perspective on population explosion and family planning**

*The issue addressed in this article is that of population explosion as seen in the light of Reformed theological ethics. God blessed Adam and Eve and commanded them to be fruitful, to increase in number and to fill the earth. Since then the world population has multiplied and increased to 5.5 billion in 1994. During the last 25 years only the population has increased by 2 billion. The result is that several countries have become over-populated a situation which caused several negative results like insufficient food supply and starvation. In South Africa over-population can also create a situation which might be difficult and even impossible to handle. These problem areas lead to the conclusion that God's command in the beginning regarding the multiplication of human beings has now been fulfilled and that drastic steps have to be taken to prevent the earth from becoming over-populated. Such steps have to be reconcilable with Scripture, and should not have the nature of the preventative steps applied in China, for example.*

## 1. Inleiding

Volgens Genesis 1:27 en 28 het God die mens as man en vrou geskep. God het hulle geseën en aan hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde." In die 1953-vertaling word hierdie woorde soos volg weergegee: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde." Na die sondvloed het God Noag en sy seuns op 'n soortgelyke wyse geseën en aan hulle dieselfde opdrag gegee (Gen. 9:1).

Hieruit is dit duidelik dat die verwekking en geboorte van kinders in die huwelik 'n *seën* en *'n roeping* is (Douma, 1993:145).

- Dit is 'n *seën* dat God aan mense die vermoë gegee het om nuwe mense in die wêreld te bring wat aan hulle lewensvolheid en lewensvreugde kan gee (Ps. 127:4).

- Dit is 'n *roeping* wat God op op die mens gelê het om gewillige instrumente in sy hand te wees en te sorg dat die menslike geslag bly voortbestaan en dat sy aarde met mense gevul word.

Volgens verskillende uitsprake van Paulus is dit verder duidelik dat die voortbring van kinders ook ná die koms van Christus steeds 'n seën en 'n roeping gebly het (1 Tim. 2:15; 5:14; vgl. ook De Bruyn, 1985:17, 18).

Teenoor hierdie gegewens uit die Skrif staan 'n mens tans voor die voldonge feit dat die mensdom aangegroei het tot ongeveer 5½ miljard. In 1975[1] toe die wêreldbevolking pas die 4-miljardmerk bereik het, het Van Wyk (1986:167) al gesê: "Die aarde is nagenoeg vol". In die lig daarvan kan gevra word of die aarde met sy huidige 5½ miljard mense nie reeds oorvol is nie?

Die vraag is nou: hoe moet die Christen die huidige bevolkingsontploffing beoordeel en wat moet in dié verband gedoen word? Dit is die probleem waaroor in hierdie artikel besin gaan word.

Met die oog op bogenoemde sal enkele terme verduidelik word voordat 'n aanduiding gegee word van die groei in die bevolking van die wêreld in die algemeen en dié van Suid-Afrika in die besonder en wat die uitwerking daarvan is. Daarna sal enkele sekulêre oplossings vir die probleem van bevolkingsontploffing aangedui en geëvalueer word. Uiteindelik sal 'n Christelike beoordeling van die probleem aangedui word met enkele riglyne vir die praktyk.

## 2. Enkele terme

Die terme *bevolkingsontploffing* en *oorbevolking* vereis nadere toeligting.

- **Bevolkingsontploffing**

Aan die hand van die omskrywing van Labuschagne en Eksteen (1993:79) kan 'n bevolkingsontploffing aangedui word as 'n "groot, onbeheerde toename in die bevolking van 'n land of die wêreld" binne 'n betreklike kort tydsbestek.

- **Oorbevolking**

Wanneer daar oor die begrip *oorbevolking* besin word, beteken dit dat 'n antwoord gegee moet word op die vraag na die getal mense wat 'n bepaalde land kan dra. Vanselfsprekend word hierdie getal nie slegs deur die grootte van die betrokke land bepaal nie maar ook deur sake soos die mineraalrykdom, die geleentheid vir die ontwikkeling van nywerhede en veral deur die geleenthede vir landbou, veeteelt, vissery, ensovoorts. Daarom sal die drakrag van 'n onvrugbare gebied met 'n lae reënval vanselfsprekend baie kleiner wees as dié van 'n

1 Hierdie artikel is later opgeneem in die publikasie van Van Wyk wat in 1986 verskyn het.

vrugbare gebied met 'n hoë reënval. Aan die ander kant kan so iets soos besoedeling ook oorbevolking in die hand werk deurdat 'n vrugbare en bewoonbare gebied in mindere of meerdere mate onvrugbaar en onbewoonbaar gemaak word (vgl. Roscam Abbing, 1973:26). In die lig hiervan kan die volgende definisie van oorbevolking gegee word:

- *Oorbevolking* is 'n situasie waarin daar 'n *wanbalans* ontstaan tussen die relatief groot getal mense aan die een kant en die relatief ontoereikende hoeveelheid voedsel en die mate van lewensruimte wat beskikbaar is, aan die ander kant (vgl. Rushdoony, 1971:10).

## 3. Die bevolkingsontploffing

In hierdie afdeling sal eers aandag gegee word aan die wêreldbevolking en daarna aan die bevolking van Suid-Afrika.

### 3.1 Die wêreldbevolking

In die verslag van die Wetenskapskomitee (1983:5) wat in Maart 1983 aan die destydse Presidentsraad voorgelê is, word die vinnige groei van die wêreldbevolking soos volg aangedui:

> Die versnelling in die groeitempo van die wêreldbevolking word toegelig deur die feit dat die 1000-miljoenkerf eers in die jaar 1800 bereik is, terwyl die toevoeging van die volgende 1000-miljoen 130 jaar geneem het (1930), die derde 1000-miljoentoevoeging 30 jaar (1960) en die vierde 1000-miljoenvermeerdering slegs 15 jaar (1974).[2]

Volgens die jongste beskikbare statistiek van UNESCO (1988:1.7; 1989:1.7; 1990:1.5; 1994:1.5; 1995:1.3) was die groei van die wêreldbevolking sedert 1970 – aangedui in *duisende* – soos volg:

| | |
|---|---|
| 1970 | 3 655 000 |
| 1975 | 4 052 000 |
| 1980 | 4 426 237 |
| 1985 | 4 837 578 |
| 1987 | 4 990 000 |
| 1988 | 5 076 000 |
| 1990 | 5 257 190 |
| 1992 | 5 462 004 |
| 1993 | 5 543 607 |

2 'n 1000-miljoen = 'n miljard. In sommige lande (o.a. die VSA en Frankryk) word dit 'n biljoen genoem, terwyl 'n biljoen elders as 'n miljoen maal miljoen (1 met 12 nulle) verstaan word.

Volgens die Wêreldbank het die wêreldbevolking in 1994 reeds op 5,6 miljard gestaan (Swart, 1994:9).

Hieruit blyk dat die toevoeging van die vyfde miljard binne 14 jaar plaasgevind het, terwyl dit wil voorkom of die sesde miljard binne 10 jaar gaan plaasvind.

Die jaarlikse groeikoers sedert 1970 en die geskatte groeikoers tot die jaar 2010 sien volgens die mees resente beskikbare gegewens vir die wêreld en die verskillende streke soos volg daaruit (UNESCO, 1995:2.6):

**Jaarlikse groeikoers sedert 1970 en geskatte groeikoers tot 2010**

| Streek | 1970-1990 % | 1990-2000 % | 2000-2010 % |
|---|---|---|---|
| Wêreldtotaal | 1,8 | 1,5 | 1,3 |
| Afrika | 2,8 | 2,8 | 2,5 |
| Amerika | 1,7 | 1,5 | 1,2 |
| Asië | 2,0 | 1,6 | 1,3 |
| Europa | 0,5 | 0,1 | 0,0 |

Die toename in die bevolking vanaf 1980-1993 in die wêreld en die verskillende streke – aangedui in *duisende* – is soos volg (UNESCO, 1995:1.3):

**Bevolkingstoename vanaf 1980-1993**

| Streek | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Wêreld | 1 099 246 | 19,82 |
| Afrika | 213 120 | 30,94 |
| Amerika | 141 031 | 18,76 |
| Asië | 707 410 | 21,12 |
| Europa | 32 682 | 4,50 |
| Ontwikkelde deel van wêreld | 91 961 | 7,60 |
| Ontwikkelende deel van wêreld | 1 007 285 | 23,24 |

Die uitwerking van hierdie bevolkingsontploffing sal na verwagting ingrypend wees. Daar sal naderhand nie meer genoeg bergingsruimte vir afvalmateriaal

soos weggooidoeke, verpakkingsmateriaal en plastiek- en aluminiumhouers wees nie (Jordaan, 1991:24).

In aansluiting hierby sê Jordaan (1991:24:25):

> Verder word die aarde ook deur die kweekhuiseffek bedreig. Dit is die gevolg van die groot hoeveelheid fossielbrandstowwe (steenkool en olie) wat vir verwarming, voedselbereiding en vervoer gebruik word. Die koolsuurgas wat deur die verbranding in die atmosfeer vrygestel word, veroorsaak dat die atmosfeer geleidelik verwarm. Die voorspelling is dat dié verwarming van die atmosfeer oor die volgende twintig jaar kan meebring dat ys by die pole smelt. Dit kan die seevlak laat styg en uiteindelik kan hawestede en laagliggende gebiede oorstroom word.

Volgens Harmse (1996:1) kan genoemde verwarming ook tot die volgende aanleiding gee: meer vloede in Europa soos onlangs in Nederland, warmer winters aan die ooskus van die VSA, hittegolwe in die sentrale dele van die VSA en minder reën in die deel van die aarde waarin Suid-Afrika geleë is.

Jordaan (1991:24) stel bogenoemde uiteensetting skematies soos volg voor:

Te veel mense

↓

te veel afvalstowwe

↓

te veel verbranding van fossielbrandstowwe

↓

kweekhuiseffek

↓

gronderosie en oorstromings

↓

vernietiging van plant- en dierelewe

Verdere navorsing het getoon dat die toename in bevolkingsgetalle betekenisvol bydra tot geweld in die samelewing en onstabliteit in die arbeidsmag. *Veral waar daar onderliggende etniese verskille bestaan*, plaas bevolkingsaanwas geweldige

druk op politieke instellings en bemoeilik dit ordelike regering (Jordaan, 1991:200). Geoordeel volgens die verband tussen die bevolkingsdruk en die potensiaal vir destabilisasie, is die potensiaal vir Japan 13%, vir dieVSA 19% en vir Suid-Afrika 55% (Jordaan, 1991:21). Dit was die situasie 5 jaar gelede.

## 3.2 Die bevolking van Suid-Afrika

### 3.2.1 Bevolkingsaanwas

In 'n publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word die volgende projeksies oor die groei van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika deur Mostert en Van Tonder (1982:33) gemaak (miljoene):

**Projeksies oor die groei van verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika**

| Jaar | Asiërs | blankes | kleurlinge | swartes | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gemiddelde kindertal van 3:** | | | | | |
| 2000 | 1,2 | 5,6 | 3,7 | 31,5 | 42,0 |
| 2025 | 1,8 | 7,5 | 5,7 | 49,1 | 64,1 |
| 2050 | 2,7 | 10,3 | 8,3 | 73,2 | 94,2 |
| 2155 | 12,8 | 47,2 | 39,9 | 350,3 | 450,2 |
| **Gemiddelde kindertal van 2,5:** | | | | | |
| 2000 | 1,1 | 5,5 | 3,6 | 30,9 | 41,1 |
| 2025 | 1,4 | 6,9 | 4,9 | 44,1 | 57,5 |
| 2050 | 2,0 | 8,2 | 6,2 | 57,7 | 74,1 |
| 2155 | 4,7 | 19,0 | 15,0 | 139,4 | 178,1 |
| **Gemiddelde kindertal van 2:** | | | | | |
| 2000 | 1,1 | 5,3 | 3,5 | 30,9 | 40,8 |
| 2025 | 1,4 | 5,9 | 4,4 | 40,2 | 51,9 |
| 2050 | 1,5 | 6,1 | 4,9 | 45,8 | 58,3 |
| 2155 | 1,6 | 6,3 | 5,1 | 48,7 | 61,7 |

Volgens die jongste beskikbare statistiek van die Sentrale Statistiekdiens (1995:5) sien die bevolkingsgroei in Suid-Afrika – aangedui in *duisende* – soos volg daar uit:

**Bevolkingsgroei in Suid-Afrika**

| Jaar | Asiërs | blankes | kleurlinge | swartes | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1970 | 652 | 3 864 | 2 170 | 16 097 | 22 783 |
| 1980 | 819 | 4 552 | 2 695 | 21 172 | 29 208 |
| 1991 | 994 | 5 086 | 3 314 | 28 618 | 38 012 |
| 1994 | 1 038 | 5 191 | 3 461 | 30 746 | 40 436 |
| 1995 | 1 051 | 5 224 | 3 508 | 31 461 | 41 244 |

Tans word daar elke dag ongeveer 3 000 kinders in Suid-Afrika gebore (Harmse, 1996:2).

Al hierdie gegewens reflekteer nie die aantal onwettige immigrante wat na skatting tans tussen 1 en 2 miljoen is en daagliks groei nie.

### 3.2.2 Verwagte gevolge

Indien hierdie syfers vergelyk word met die konkrete situasie in Suid-Afrika wat die beskikbaarheid van lewensmiddele en aanvaarbare lewensmoontlikhede betref, kan sonder twyfel emstige probleme voorsien word. Ter illustrasie van dergelike probleme word die aandag hier op enkele sake gevestig.

- **'n Moontlike tekort aan water**

Wat die *beskikbaarheid van water* betref, word in die verslag van die Wetenskapskomitee (1983:171) die volgende verklaar:

> 'n Bevolking van tussen 70 en 80 miljoen mense word beskou as die maksimum getal wat deur die beskikbare waterbronne onderhou kan word. (Maar) daar sal 'n tekort aan water in verskeie nywerheidstreke wees lank voordat die bevolking die 70-miljoenkerf bereik het.

Ook Harmse (1996:1) is van oordeel dat in Suid-Afrika water aan maksimaal 80 miljoen mense voorsien kan word.

Dit kom dus daarop neer dat, al word die beste tegnologiese en wetenskaplike vermoëns aangewend, daar eenvoudig nie genoeg water in Suid-Afrika beskik-

baar is om in die behoeftes van meer as ongeveer 80 miljoen mense te voorsien nie. Hierdie ongeveer 80 miljoen kan dus onder die huidige omstandighede as 'n onoorbrugbare grenslyn beskou word.

- **Voedseltekort en energie-uitputting**

Oorbevolking in Suid-Afrika kan nie net lei tot 'n tekort aan water nie, maar ook tot 'n tekort aan voedsel. In dié verband sê Jordaan (1991:22): "Dat 'n groot deel van Suid-Afrika se bevolking reeds aan ondervoeding en/of wanvoeding ly, bewys dat voedselvoorsiening nou al 'n ernstige probleem is wat dramaties kan vererger." Verder spreek dit vanself dat ander energiebronne soos steenkool, olie, hout, ensovoorts ook mettertyd uitgeput kan raak (Moss, 1995:351).

- **Toename in werkloosheid en armoede**


Oor die voorsiening van *voldoende werkgeleenthede* verklaar die Wetenskapskomitee (1983:188) "dat daar in 1981 ongeveer R9 000 miljoen vir nuwe beleggings beskikbaar was, wat daarop neerkom dat daar ongeveer 134 000 nuwe werkgeleenthede geskep sou kon word". Maar intussen was die getal werksoekers in 1982 ongeveer 292 000. Dit beteken dat daar in dié jaar aan 158 000 werksoekers nie werk verskaf kon word nie. En namate die getal van die gesamentlike bevolking groei, sal die probleem al hoe groter word. Die afleiding wat hieruit gemaak moet word, is dat "*die Suid-Afrikaanse ekonomie nie naastenby aan al die werksoekendes werk kan verskaf nie*" (Wetenskapskomitee, 1983:188).

Intussen het die getal werkloses geweldig gestyg – nie net as gevolg van die bevolkingsontploffing nie, maar ook om ander redes. As kinders, bejaardes, siekes, ensovoorts buite rekening gelaat word, bestaan die totale arbeidsmag in Suid-Afrika volgens die Ministerie van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling (1995:9) tans uit 14,3 miljoen. Van hulle is volgens genoemde Ministerie (1995:10) 32,6% werkloos. (Hierdie syfer dui net dié aan wat werk soek en dit nie kan kry nie en *nie* die wat glad nie werk soek nie.) Dit beteken dat 4,662 miljoen mense van die beskikbare arbeidsmag tans werkloos is. Teen die huidige groeikoers sal daar in die jaar 2000 6,322 miljoen werkloses wees.

In 1992 was die koste benodig vir die opleiding van 'n persoon vir 'n arbeidsintensiewe werk tussen R15 000 en R30 000, terwyl die koste vir die opleiding van 'n persoon vir 'n kapitaalintensiewe werk tussen R100 000 en R400 000 was (Kroon, 1992:109). Tans is die koste verbonde aan sodanige opleiding reeds heelwat hoër. Slegs die opleiding van genoemde werklike en verwagte aantal werkloses sal dus enorme addisionele bedrae kos.

Die uitwerking wat werkloosheid verder op die betrokkenes het, kan aan die hand van 'n uiteensetting van Miller (1979:159) skematies soos volg aangedui word:

**Die uitwerking van werkloosheid**




Op dié wyse verval 'n bevolking in 'n bose kringloop waarin die situasie steeds vererger.

- **Onvoldoende onderwysvoorsiening**

In die lig van die feit dat die bevolking van Suid-Afrika elke dag met 3 000 groei, behoort daar elke werksdag drie ten volle toegeruste skole vir 1 500 leerlinge afgelewer te word om tred te hou met die bevolkingsgroei. Maar al word skole teen dié tempo gebou, sal dit nog beteken dat daar dan nog nie aan 'n enkele agtergeblewe leerling of ongeletterde persoon se situasie aandag gegee is nie (Harmse, 1996:2).

- **Onvoldoende behuisingsvoorsiening**

Tans moet jaarliks 200 000 huise gebou word net om voorsiening te maak vir die *groei* van die bevolking. Maar indien dit gedoen word, is daar nog nie 'n enkele huis gebou vir iemand wat tans in 'n plakkersdorp woon nie (Harmse, 1996:2).

- **Toename in misdaad**

Soos reeds aangedui is, lei oorbevolking noodwendig tot werkloosheid en gevolglike armoede. Op sy beurt skep werkloosheid en armoede weer 'n gunstige

infrastruktuur vir misdaad en is dit soms die direkte aanleiding tot misdaad (Muller, 1995:17).

- **Toename in omgewingsbesoedeling**

Elke persoon is volgens berekening daagliks vir ongeveer 3 kilogram afval verantwoordelik (Van Wyk, 1986:153). Daarom is dit vanselfsprekend dat oorbevolking noodwendig moet lei tot toenemende omgewingsbesoedeling (Jordaan, 1991:23). As die bevolking bly groei, kan die punt bereik word waar die besoedelingsprobleem onhanteerbaar kan wees (Fletcher, 1995:674).

#### 3.2.3 Gevolgtrekking

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die huidige oorbevolking en die eventuele bevolkingsontploffing spesifiek in Suid-Afrika tans reeds wesenlike probleme skep en dit nog meer in die toekoms sal doen. Van dié probleme kan nie maar net kennis geneem word nie, maar daaraan sal daadwerklik iets gedoen moet word om op die lang duur in Suid-Afrika te kan oorleef. En dan is die probleem van onwettige immigrante nog nie eers aangeraak nie.

## 4. Moontlike hantering van die probleem

Die vraag ontstaan dus: op watter wyse moet die probleem van oorbevolking en eventuele bevolkingsontploffing effektief gehanteer word? In antwoord op die vraag word eers aandag gegee aan twee sekulêre hanteringswyses van die probleem, om daarna die aandag op die Christelik-etiese hantering daarvan te vestig.

### 4.1 Sekulêre hantering

#### 4.1.1 Die fatalistiese houding

Met die benaming *die fatalistiese houding* word die optrede van owerhede en ander instansies bedoel wat daarop neerkom dat vir alle praktiese doeleindes niks aan die saak gedoen word nie. Met 'n houding van: "Let things develop", word die probleem van oorbevolking toegelaat om onbeperk sy gang te gaan.

Hierdie siening is in die verlede selfs by sommige Christene aangetref en deur hulle verdedig: enige poging tot geboortereëling is beskou as 'n verset teen God se beskikkinge. Brillenburg Wurth (1951:257) het dit egter jare tevore al afgewys as 'n vorm van fatalisme wat onversoenbaar is met die Christelike etiek en die mens se verantwoordelikheid voor God.

Hierdie houding word tans ook nog deur owerhede en ander betrokkenes in verskeie onderontwikkelde en Derdewêreldlande ingeneem, hoewel daar by hulle geen poging is om dit Christelik te motiveer nie.

Dit spreek vanself dat hierdie "oplossing" van die probleem van oorbevolking in werklikheid *geen* oplossing is nie.

### 4.1.2 Streng geboortebeperking

Aangesien die duidelikste voorbeeld van streng geboortebeperking tans in China aangetref word, word in hierdie artikel gefokus op geboortebeperkingsmaatreëls in China.

China huisves ongeveer een vyfde van die totale wêreldbevolking. Volgens die jongste gegewens staan hulle bevolking op ongeveer 1,2 miljard mense. In die 13 jaar vanaf 1980 tot 1993 het China se bevolking met ongeveer 197,5 miljoen of 16,51% vermeerder (UNESCO, 1995:1.5). Oorbevolking is dus vir China nie net 'n teoretiese kwessie nie maar 'n wesenlike probleem.

Volgens Lau (1992:19-26) is daar vanaf 1954 verskeie aksies geloods om die bevolkingsgroei te bekamp, maar sonder werklike sukses. In 1979 het Den Xiao Ping na vore gekom met die sogenaamde gedwonge een-kind-beleid (vgl. Cho, 1992:63). Hierdie beleid het beteken dat 'n egpaar net toegelaat is om een kind te hê. Verder word die tyd van verwekking en geboorte van dié kind deur die owerheid gemonitor om te sorg dat die beskikbare skole nie by tye oorvol en ander tye weer halfleeg is nie (vgl. Li, 1995:5-6).

Hierdie beleid is, volgens Lau (1992:22-23), van 1979 af met mening toegepas en verskeie maatreëls is daarin ingebou om dit effektief toe te pas. Dié maatreëls behels onder andere die volgende:

- Swaar boetes is oortreders opgelê.
- Groot voordele is toegeken aan dié wat hulle aan die een-kind-beleid onderwerp, onder andere 'n 5-8% verhoging van salaris. Indien hulle later egter oortree, moet al die voordele wat hulle ontvang het, aan die owerheid teruggegee word – saam met die boetes wat dan gehef word.
- Daar is gebruik gemaak van gemeenskapsdwang. Dit het daarop neergekom dat as een personeellid van 'n betrokke firma die een-kind-beleid oortree, die belasting van al die personeellede van die firma aanvoelbaar verhoog is.

Hierdie beleid het verskeie gevolge gehad.

Aangesien gesinne hulle naam wou laat voortleef in 'n nageslag en dit alleen kan gebeur as hulle seuns het, het dit daartoe gelei dat dogtertjies wat gebore word,

by geboorte doodgemaak is in die hoop dat die volgende kind 'n seun sal wees (Anon., 1988:40; Li, 1995:8). Selfs vrouens wat aan dogters geboorte skenk, is vermoor. In Chongqing, een van China se groter stede, is daar in 1984 2 800 dergelike moorde op pasgebore dogtertjies en vrouens ondersoek (Anon., 1987:48).

Die een-kind-beleid het verder daartoe gelei dat daar tot in die helfte van die tagtigerjare reeds ongeveer 'n 100 miljoen verpligte aborsies uitgevoer is (Grant, 1990:25).

Verder het veral die boere teen hierdie een-kind-beleid in opstand gekom. Aangesien hulle wetlik gedwing is om slegs 'n beperkte aantal werknemers in diens te neem, was die enigste ander oplossing om werkers te kry, om meer kinders te hê – veral seuns. Ook in dié geval het dit gelei tot die moord op dogtertjies by geboorte. In 1986 was twee uit elke drie geboortes in plattelandse gebied 'n oortreding van die een-kind-beleid. Aangesien die boere redelik ryk is, is dit ook nie vir hulle 'n probleem om die boetes verbonde aan groter gesinne te betaal nie (Anon., 1988:40).

Intussen moes die Chinese owerheid ook agtergekom dat slim sy baas gevang het. Die een-kind-beleid wat in praktyk 'n een-seun-beleid geword het, het nou tot gevolg dat daar nie vrouens vir al hierdie seuns gaan wees nie (Li, 1995:8). In die lig hiervan is dit geen wonder dat die bevolkingsgroei van die Chinese, soos hierbo aangedui is, aantoon dat hulle nie werklik sukses het met hulle gedwonge een-kind-beleid nie.

Dit is duidelik dat die drastiese maatreëls van die Chinese owerheid nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Die bevolkingsgroei by hulle, soos hierbo aangedui is, het steeds bly groei. Daarby is verskynsels soos gedwonge aborsies en die moord op pasgebore kinders, veral dogters, eties nie verantwoord nie. 'n Ander oplossing moet dus gesoek word.

## 4.2 Christelike hantering

In die lig van die voorgaande en die getuienis van die Skrif kan die Christen se hantering van die probleem van oorbevolking en die bevolkingsontploffing soos volg aangedui word:

- Daar mag *geen fatalistiese houding* of *laissez faire*-gesindheid teenoor die probleem wees soos by sommige onderontwikkelende en Derdewêreldlande voorkom nie. Hierdie houding het tot gevolg dat Gods water maar oor Gods akker laat vloei word en die mens verwerp sy verantwoordelikheid voor God.

- Daar mag *geen absolute geboortebeperking* wees soos in China waar die kinders met dwangmaatreëls tot die absolute minimum beperk word nie omdat

dit tot onchristelike praktyke aanleiding gee en skynbaar tog nie effektief is nie.

- Daar moet in verantwoordelikheid voor God *geboortereëling* wees waarin nie na die minimum of maksimum getal kinders gestreef word nie maar na die optimum: soveel kinders as wat vir die egpaar in hulle spesifieke omstandighede, ook wat hulle land en volk betref, moontlik en wenslik is (Drogendijk, 1964:102-103; vgl. Schilder, 1972:54-56; Steensma, 1995:256-257).

Uit die Skrif is dit duidelik dat geslagsgemeenskap in die huwelik nie net moet plaasvind met die oog op die verwekking van kinders nie. Dit blyk veral uit 1 Korintiërs 7:5 waar Paulus aan die Korintiërs, wat in 'n seksueel losbandige omgewing geleef het, van man en vrou in die huwelik die volgende sê:

> Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.[3]

In die lig van die feit dat geslagsgemeenskap volgens die Skrif 'n groter betekenis het as bloot die verwekking van kinders is dit voor God en dus prinsipieel verantwoord om aanvaarbare voorbehoedmiddels te gebruik om swangerskap te voorkom. Daarmee is in beginsel bepaal dat geboortereëling mag plaasvind – ook om oorbevolking te voorkom (vgl. Velema, 1977:68, 69; De Bruyn, 1985:15, 16).

In die lig van bogenoemde siening is herbesinning oor Genesis 1:28 nodig. Daarvolgens het God aan die mens die opdrag gegee om te vermeerder en die aarde vol mense te maak. Op daardie stadium was die mens egter weliswaar nie 'n bedreigde spesie nie, maar wel baie min in getal. Tans is dit egter nie meer die geval nie (Veltkamp, 1993:13). Aan die opdrag van God om die aarde *vol* te maak, is voldoen. Daarom hoef die mens nie verder te gaan en die aarde *oorvol* te maak en dit op dié wyse vir baie mense onleefbaar te maak nie. Hoogstens sal sy opdrag nou daarin bestaan om die aarde wat vol is vol te hou. In die praktyk sal dit egter beteken dat onbeheerde uitbreiding van getalle deur geboortes drasties beperk sal moet word.

Dit moet egter duidelik wees dat so 'n beperking van geboortes slegs mag geskied op 'n wyse wat voor God verantwoordbaar is. Om dié rede is aborsie op

3 In ander publikasies het ek 'n diepergaande etiese beredenering gegee van die probleme insake geboortereëling en geboortebeperking (vgl. De Bruyn, 1969:11-15; 1985:8-16; 1993:185, 190, 203-208). Daarom herhaal ek hier nie dié beredenering nie maar dui slegs die resultaat daarvan aan.

aanvraag as wyse van geboortereëling geheel en al onaanvaarbaar (vgl. Van Wyk, 1996:4-6). Sodra bevrugting plaasgevind het, is daar 'n lewende mens – ongeag hoe klein en onontwikkeld hy/sy mag wees. Op daardie stadium het God self volgens Job 10:8-12 en Psalm 139:13-16 begin met die vorming van 'n mens. In die lig hiervan moet aborsie afgewys word as 'n vorm van moord, behalwe in uitsonderlike situasies waar dit voor God en mens geregverdig kan word (vgl. De Bruyn, 1993:147-151).

## 5. Riglyne vir die praktyk

In antwoord op die vraag wat 'n mens in die praktyk moet doen om die probleem op te los of minstens effektief te hanteer, moet 'n mens waak teen twee uiterstes. Aan die een kant mag die kerk van die Here hom nie op 'n piëtistiese wyse aan die wêreld onttrek en die wêreld ook ten opsigte van die oorbevolking aan homself oorlaat nie. Aan die ander kant moet die kerk ook nie sy kerk-wees vergeet en begin om sosiale en maatskaplike programme op te stel met die oog op die beheer van die bevolking nie. As dit in gedagte gehou word, kan die volgende riglyne vir die hantering van die probleem in die praktyk aan die hand gedoen word:

- **Beklemtoon dat geboortereëling geoorloof en noodsaaklik is**

Dit moet beklemtoon word dat geboortereëling volgens die Skrif inderdaad geoorloof is – in teëstelling met wat in die verlede deur sommige in die kerk verkondig is (De Klerk, 1936a:3-4; 1936b:1-3; 1936c:3-4; Coetzee, 1941:339-340; Kotze, 1969:10-12). Maar selfs dit is tans nie meer genoeg nie. Dit moet onderstreep word dat geboortereëling onder die huidige omstandighede uiters noodsaaklik is – nie net vanweë die omstandighede in die gesin nie maar ook met die oog op oorbevolking en die probleme daaraan verbonde.

- **Verskaf inligting aan publiek**

Die kerk is wel nie *van* hierdie wêreld nie, maar tog is dit *in* hierdie wêreld. Daarom moet die kerk ook kennis neem van wat in die wêreld aangaan – ook ten opsigte van die gevare van oorbevolking – om sy roeping te kan vervul en om te sorg dat die lewens van sy lidmate, maar ook dié van ander mense, nie benadeel word nie (Rom. 13:10). Daarom moet die kerk as deel van sy profetiese roeping van die owerheid eis om *tydig* en *op 'n behoorlike wyse* aan die *hele bevolking* van Suid-Afrika bekend te maak dat hierdie land maksimaal aan 80 miljoen mense water kan voorsien en dat hierdie land nie in staat is om voldoende behuising, onderwys, mediese dienste, ensovoorts aan 'n groeiende bevolking te verskaf nie. As enige party ter wille van politieke voordeel die indruk by die publiek skep dat hierdie probleme oorkom sal word in 'n groeiende bevolking, welwetende dat die *nie* moontlik is nie, maak so 'n party hom voor God en mens skuldig aan leuens en bedrog en sal hy nie ongestraf bly nie.

Verder moet ook dié deel van die inligting aan die publiek deurgegee word wat daarop dui dat die probleem wat in hierdie artikel bespreek is, nie bloot 'n nasionale vraagstuk is nie maar 'n wêreldvraagstuk.

- **Seksuele opvoeding van kinders**

Vir die voorkoming van die geboorte van buite-egtelike kinders is seksuele opvoeding uiters noodsaaklik.

Daar moet in hierdie verband duidelik onderskei word tussen seksuele voorligting en seksuele opvoeding. *Seksuele voorligting* is bloot die verskaf van inligting oor die fisiese en biologiese aspekte van geslagsgemeenskap en die sake wat daarmee verband hou. Hoewel dit 'n belangrike onderdeel van *seksuele opvoeding* is, is dit nie voldoende nie aangesien seksuele opvoeding óók beteken dat die kind toegerus moet word met die regte norme en waardes met die oog op seksuele verhoudings (Sonnekus, 1974:24; Steensma, 1995:197).

In hierdie seksuele opvoeding behoort die probleem van oorbevolking en bevolkingsontploffing ook duidelik onder die aandag van die kind gebring te word en moet sy/haar roeping in die verband aangedui te word.

- **Ontwikkeling van agtergeblewe gemeenskappe**

Dit is verder van die allergrootste belang dat agtergeblewe gemeenskappe so gou as moontlik ontwikkel moet word. Volgens Jordaan (1991:26) dra onderontwikkeling sonder twyfel by tot die hoë geboortesyfer by die betrokkenes. Hy verwys na 'n uitspraak van die visepresident van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie wat in 1990 gesê het dat "ongeletterdheid ... die grootste enkele probleem by Suid-Afrika se snelle bevolkingsgroei (is)". Die rede hiervoor is dat die onderontwikkelde gemeenskappe "gewoonlik nie ingelig (is) oor die verband tussen groot gesinne, armoede en lae lewensgehalte nie" (Jordaan, 1991:26). Daarom is dit te verstane dat ontwikkeling bykans altyd lei tot 'n verlaging van die geboortesyfer (vgl. Jordaan, 1991:144, 145). In Suid-Afrika beteken dit onder andere dat daar groter erns gemaak sal moet word met die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram. Dit moet nie net 'n program op papier bly nie maar moet daadwerklik in die praktyk in werking gestel word.

- **Beperk gratis mediese dienste en verhoog belastings**

Ernstige oorweging moet daaraan geskenk word om die huidige reëling van gratis mediese dienste aan swanger vroue en kinders onder ses jaar slegs tot die eerste twee kinders te beperk. Indien ouers meer as twee kinders het, moet die mediese koste vir die derde en meer kinders tydens swangerskap, by geboorte en daarna volledig deur die ouers self betaal word. In hierdie verband kan verwys word na Singapoer waar vrouens geen betaalde kraamverlof vir 'n derde en verdere kinders kry nie, terwyl die bevallingskoste na die tweede kind met elke verdere

kind verhoog word (Jordaan, 1991:68, 69). Daarby behoort die gesin se belasting ook pro rata verhoog te word as hulle drie of meer kinders het.

Die nadeel van so 'n reëling is dat die rykes daardeur bevoordeel kan word omdat hulle die bykomende mediese kostes sal kan betaal, terwyl dit met die armes nie die geval is nie. Aan die ander kant is die voordeel van so 'n reëling dat die bevolking op dié wyse permanent daaraan herinner sal word dat die bevolkingsgroei in Suid-Afrika net nie onbeheerd kan voortgaan sonder om van die bevolkingsgroei 'n tydbom te maak nie.

In 'n sekere sin kan so 'n optrede as 'n drastiese maatreël beskou word. In die ernstige situasie waarin die bevolking van Suid-Afrika verkeer, is daar egter niks minder as 'n drastiese maatreël nodig nie. Tog mag dit nooit so toegepas word dat dit lei tot die uitwasse wat in China aangetref word nie.

- **Betrek die regte mense**

In al bogenoemde en verbandhoudende aksies moet daar nie vir die bekeerdes gepreek word nie, maar moeite moet gedoen word om die mense te bereik en te oortuig wat nie oor die nodige kennis en insig beskik nie.

- **Tree drasties op teen onwettige immigrante**

Die owerheid moet op so 'n drastiese wyse teen onwettige immigrante optree dat die boodskap in die aangrensende en ander lande gehoor word dat daar in Suid-Afrika geen plek is vir enige onwettige immigrante nie en ook nie hier geduld sal word nie.

## 6. Samevatting

In 1945 het Jansen van Ryssen, Kruger en De Klerk 'n boek geskryf met die titel *Die selfmoord van 'n nasie.* Daarin spreek hulle die oortuiging uit dat *te min kinders* kan lei tot die ondergang van die blanke nasie in Suid-Afrika (1945:59). Uit die voorgaande het dit egter duidelik geword dat *te veel kinders* met eventuele oorbevolking tot gevolg, óók 'n dreigende gevaar is *wat tot die selfmoord van nie slegs een nie maar van verskillende nasies kan lei.*

Natuurlik spreek dit vanself dat God in sy almag en alwysheid die probleem kan oplos óf deur nuwe voedsel- en waterbronne te voorsien óf deur 'n groot getal mense te laat sterf. Maar daarmee het die mens in 'n sekere sin niks te doen nie omdat hy sy lewe nie moet inrig volgens God se verborge wil nie maar volgens sy geopenbaarde wil (Deut. 29:29). Die mens moet verantwoordelik handel met die inligting tot sy beskikking. Dit beteken dat hy daadwerklik erns moet maak met die oplossing van die probleem van oorbevolking en bevolkingsontploffing soos wat die mens tans daarmee gekonfronteer word.

## Bibliografie


ANON. 1987. Baby trouble. *The Economist*, 303(7496):48, 49, Mei 2.

ANON. 1988. Peasant's revolt. *The Economist*, 306(7535):40, Jan. 30.

BRILLENBURG WURTH, G. 1951. Het Christelijk leven in huwelijk en huisgezin. Kampen : Kok.

CHO, L.J. 1992. Population dynamics and policy in China. (*In* Poston, D.L. & Poston, D.Y. *eds*. The population of modern China. New York/London : Plenum Press. p. 59-79.)

COETZEE, J. Chr. 1941. Die seksuele opvoeding van die mens. (*In* Stoker, H.G. & Potgieter, F.J.M. *reds*. Koers in die krisis – 3. Stellenbosch : Pro Ecclesia. p. 321-349.)

DE BRUYN, P.J. 1969. Die Christen en geboortereëling. Potchefstroom : Pro Rege.

DE BRUYN, P.J. 1985. Verantwoorde ouerskap. Potchefstroom : Calvyn-Jubileum-boekefonds.

DE BRUYN, P.J. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand : Varia.

DE KLERK, P.J.S. 1936a (1), 1936b (2), 1936c (3). Die Neo-Malthusianisme. *Die Kerkblad*, 63(812):3-4, Jul. 15; 63(813):1-3, Aug. 5; 63(814):3-4, Aug. 19.

DOUMA, J. 1993. Seksualiteit en huwelijk. Kampen : Van den Berg.

DROGENDIJK, A.C. 1964. Man en vrouw vóór en in het huwelijk: een boek over het sexuele leven van verloofden en gehuwden. Kampen : Kok.

FLETCHER, D.B. 1995. Population policy. (*In* Atkinson, J. & Field, D.H. *eds*. New dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester/Downers Grove : Inter-Varsity Press. p. 674-675.)

GRANT, G. 1990. Grand illusions: the legacy of planned parenthood. Brentwood (Tennessee) : Wolgemuth & Hyatt.

HARMSE, J.T. 1996. Submission: population policy for South Africa. Unpublished response to Green Paper on Population Policy. Johannesburg : RAU.

JANSEN VAN RYSSEN, J.W., KRUGER, J.H. & DE KLERK, B.J. 1945. Die selfmoord van 'n nasie, geboortebeperking: sy oorsake en gevolge. Kaapstad/Pretoria : HAUM/De Bussy.

JORDAAN, J. 1991. Bevolkingsgroei – ons tydbom: die oplossing vir Suid-Afrika se bevolkingsprobleem. Pretoria : Van Schaik.

KOTZÉ, D.N. 1969. Die Christen en geboortereëling. *Die Kerkblad*, 72(2002):10-12, Jun. 4.

KROON, J. 1992. Die informele sektor. (*In* Kroon, J. *red*. Entrepreneurskap. Potchefstroom : PU vir CHO (DSP). p. 109-122.)

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : Van Schaik.

LAU, S. 1992. China's birth control policy: a Catholic appraisal. *Tripod* :19-35, Nov.-Dec.

LI, S.S. 1995. Population control and the one-child policy in China. (Unpublished paper.) Potchefstroom : PU for CHE.

MILLER, G.T. 1979. Living in the environment. Wadsworth : California.

MINISTERIE VAN WELSYN EN BEVOLKINGSONTWIKKELING. 1995. 'n Groenskrif vir openbare bespreking: bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika? Pretoria : Ministerie van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling.

MOSS, R.P. 1995. Environment. (*In* Atkinson, J. & Field, D.H. *eds.* New Dictionary of Christian ethics and pastoral theology. Leicester/Downers Grove : Inter-Varsity Press. p. 349-352.)

MOSTERT, W.P. & VAN TONDER, J.L. 1982. Moontlike bevolkingsgroei in Suid-Afrika tot die middel van die 22e eeu. (Verslag 5-83.) Pretoria : RGN.

MULLER, A. 1995. Geweld lê dieper as wonde. *Insig* :17, Nov.

ROSCAM ABBING, P.J. 1973. Hoe groot ons gezin? Nijkerk : Callenbach.

RUSHDOONY, R.J. 1971. The myth of over-population. Nutley NJ : Craig Press.

SCHILDER, J.N. 1972. Geboorteregeling. (*In* Bouma, H. *et al.* Gezinsvorming. Groningen : De Vuurbaak. p. 43-57.)

SENTRALE STATISTIEKDIENS. 1995. Demografiese statistieke 1995. Pretoria : Sentrale Statistiekdiens.

SONNEKUS, M.C.H. 1974. Seksuele voorligting of seksuele opvoeding? *Rooi Rose*, 30(15):24-25, 115, Febr. 20.

STEENSMA, D.J. 1995. Ouders en kinderen: en theologisch-etische bezinning. Zoetermeer : Boekencentrum.

SWART, F. 1994. Bevolkingsontploffing kom – Wêreldbank. *Beeld* :9, Aug.

UNESCO. 1988, 1989, 1990, 1994, 1995. Statistical yearbook (different editions). Paris : Unesco.

VAN WYK, J.H. 1986. Gesindheid en gestalte. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

VAN WYK, J.H. 1996. Aborsie: dit rym mos nie! *Woord en Daad*, 36(358):2-4, Somer.

VELEMA, W.H. 1977. Gevaren die het gezin bedreigen. (*In* Van der Graaf, J. & Kole, I.A. *reds.* Het gezin vandaag en morgen. 's-Gravenhage : Boekencentrum. p. 53-77.)

VELTKAMP, P. 1993. The population crisis: endangering us and the earth. *The Banner*, 128(12):12, 13, April 12.

WETENSKAPSKOMITEE. 1983. Verslag van die Wetenskapskomitee van die Presidentsraad oor demografiese tendense in Suid-Afrika. Kaapstad : Staatsdrukker.